



ONSE VADER GEBED – DINK ANDERS

JUNIOR KATEGESSE 2021

LES 5

KOM ONS LEES

MATTEUS 6:9-10

9“So moet julle bid:“Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word;10laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel.



WELKOM

High- 5 Mekaar en vertel wat is jou beste en lekkerste moment van die week.

WEGSPRING

- Die U-draai teken wil ons vir 'n oomblik help om anders oor gebed te dink
- Dit gaan nie net oor ons en ons behoeftes nie, maar dit is eerstens 'n kontakpunt tussen my en God.



WONDER

Dink bietjie oor die volgende na:

- Waarvoor dink jy bid mense die meeste van die tyd?
- Waarvoor bid jy die meeste van die tyd?
- Dink aan jou laaste gebed. Wie of wat was die belangrikste in daardie gebed?

LEER

Leer die eerste vier Bedes van die Onse Vader Gebed

- Ons Vader wat in die hemel is.
- Laat U Naam geheilig word.
- Laat U, Koninkryk kom,
- Laar U, wil geskied.





WERKSAAM

1. Skryf die eerste 4 Bedes van die Onse Vader gebed in elke blokkie neer.





HUISGELOOF

Leer die eerste bedes van die Onse Vader

1. "Laat U Naam geheilig word"

- **Hoe dink jy word God se naam deesdae misbruik?**
- **Wat beteken dit om Sy naam heilig te maak?**
- **Hoe kan ons God se naam respekteer?**

2. "Laat U Koninkryk kom"

- **Hoe werk God se Koninkryk?**
- **Hoe sal dit wees as ons besef God se Koninkryk is reeds op aarde?**
- **Hoe sal ons wêreld dan lyk?**

3. "Laat U wil geskied"

- **Wat dink jy is God se wil vir mense?**
- **Hoekom is dit belangrik om God se wil te gehoorsaam?**
- **Hoe kan ons aan God se wil gehoorsaam wees?**